DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
(Association incorporated under Section 21)
Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Edudation as a private education institution under the Higher Education Act, 1997
Registration Certificate No. 99HS01

PROSPEKTUS

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

BACCALAUREUS ARTIUM (BA)

Pretoria
2006

VOORWOORD

In die eerste tien jaar na 27 Junie 1987 het daar groeiende onrus onder lidmate van die Afrikaanse Protestantse kerke (AP kerke) ontstaan oor inhoude wat aan Suid-Afrikaanse universiteite aan sleutelvakke soos Grieks, Hebreeus, Bybelkunde, Geskiedenis en andere gegee word. Skrifkritiek is selfs in 'n vak soos die Griekse taal ingedra.

Die gevolg was dat die noodsaak om voornemende predikante van hulle eerste BA-jaar af self op te lei, al hoe sterker besef is. Die 1997-sinode van die AP kerke het besluit dat manne wat predikante in die AP kerke wil word, hulle studie op BA-vlak aan die Teologiese Skool moet kan doen.

Dit was 'n geskiedkundige besluit en 'n geloofsdaad. Waar sodanige opleiding groot finansiële implikasies het, en terwyl die swak ekonomiese toestand in Suid-Afrika ook sy impak op die finansies van die kerk het, het die Here voorsien in toegeruste dosente wat die opleiding aanvanklik sonder vergoeding behartig het. Natuurlik lê dit die keusemoontlikhede van vakke aan bande, maar die onontbeerlike basiese vakke is wel aangebied.

Die Senaat en die Fakulteitsraad van Lettere en Wysbegeerte lê ernstige klem op die standaard wat in hierdie opleiding gehandhaaf moet word.

Sedert die jaar 2000 is die Teologiese Skool voorwaardelik as *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* by die Onderwysdepartement geregistreer. Die Akademie stel hom onvoorwaardelik op die standpunt van die aanvaarding van die Bybel as die onfeilbare Woord van die enige Drie-enige God, en die onderskrywing van die Drie Formuliere van Eenheid omdat hulle met die Skrif ooreenstem.

Die volgende groot mylpaal was 26 Mei 2004 toe ons amptelike berig ontvang het dat ons Akademie by die Onderwysdepartement onder die Hoër Onderwyswet van 1997 (Wet 101 van 1997) geregistreer is as ‘n Private Tersiêre Inrigting onder die volgende naam:

Die Afrikaanse Protestantse Akademie
(Association incorporated under Section 21)

met die volgende Registrasienommer: *99HS01*

Woorde ontbreek om die Here na behore te dank vir sy beskikking ten opsigte van die opleiding van ons predikante en ander studente, en die registrasie as 'n tersiêre inrigring. Ons kan maar net in Hom roem.

Mag die Here al ons dosente en studente seën, hulle koersvas bewaar, hulle die krag tot volharding gee, en alles tot sý eer laat dien.

Ons bede is dat die Afrikaanse Protestantse Akademie (Association incorporated under Section 21) Christelike wetenskaplikes op alle lewensterreine sal lewer.

Dr. R Marè
Dekaan
In opdrag van die Senaat en Fakulteitsraad.

REGULASIES

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

1. Bevoegdheid om grade toe te ken

Hierdie Akademie is tans by die Onderwysdepartement as Private Tersiêre Inrigting geregistreer met die volmag om die volgende kwalifikasies toe te ken:

Baccalaurius Artium (BA); en
Baccalaurius Theologiae (B.Th.).

Die BA word op die Pretoria-kampus asook op die Germiston-kampus aangebied. In Pretoria word die BA aangebied aan studente wat na voltooiing daarvan in die Teologie wil studeer ten einde aan die voorvereistes om predikante te word, te voldoen. Ander studente loop die BA met Sielkunde as een van die hoofvakke ten einde later ‘n nagraadse kwalifikasie aan ‘n ander staatserkende tersiêre inrigting te kan volg. ‘n Verdere groep studente volg die BA met Opvoedkunde as een hoofvak, met die oog op ‘n onderwysloopbaan, veral na verdere studie elders. Studente kan ook bloot ‘n algemene BA volg.

Op die Germiston-kampus word die BA ook aangebied, maar dan met spesifieke vakke in die veld van die Christelike Sielkunde. Na voltooiing van die graad kan hulle aan ‘n ander staatserkende tersiêre inrigting verder spesialiseer in ‘n Sielkundige rigting. Hierdie kampus is tans nog nie deur die Departement van Onderwys as afsonderlike kampus geregistreer nie. Daar is wel daarvoor aansoek gedoen. (Daar is ‘n afsonderlike Prospektus vir hierdie studie.)

2. Duur van studie

Die BA-studie in die verskillende rigtings soos in punt 1 uiteengesit, kan almal in drie jaar voltooi word indien voltyds gestudeer word.

3. Toelatingsvereistes

'n Persoon wat BA wil volg, moet aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:

3.1 Matrikulasievrystelling

‘n Persoon wat Matrikulasievrystelling verwerf het, kwalifiseer vir toelating tot die BA-studie.

3.2 Voorwaardelike vrystelling op grond van ouderdom van minstens 23 jaar (St. 10/Graad 12)

Indien ‘n persoon aan die volgende vereistes voldoen, kan aansoek om voorwaardelike vrystelling gedoen word:

a. indien die ouderdom van 23 jaar reeds op 1 Januarie van die jaar waarin vir die BA geregistreer word, bereik is; en

b. indien een vak in matriek op hoër graad geslaag is; en

c. indien ten minste vier graad-12-vakke op Hoërgraad of op Standaardgraad met simbole A tot E gelaag is; en

d. indien minstens drie vakke tydens een eksamensessie (eksamengeleentheid) geslaag is.

3.3 Vrystelling op grond van ouderdom 45 jaar of ouer

‘n Persoon wat 45 jaar of ouer is, hoef geen skoolkwalifikasie te besit alvorens vir vrystelling aansoek gedoen word nie.

3.4 Volledige vrystelling op grond van die behaling van 3 of 4 jaar diploma

‘n Persoon wat ‘n drie- of vierjaar diploma verwerf het aan ‘n Technikon, ‘n Onderwyserskollege, ‘n Universiteit, of ‘n Verplegingskollege wat by ‘n SA universiteit geaffilieer is, mag aansoek om volledige vrystelling doen op voorwaarde dat die persoon voor die aanvang van die diplomastudie, oor ‘n Senior Sertifikaat (dit is Matriek sonder vrystelling) beskik het.

4. Studielenings

Studente wat predikante wil word, kan by die Kuratorium van die AP Kerk om studielenings aansoek doen.

5. Samestelling van die kursus

5.1 Aantal vakke

Die kursus bestaan uit 10 vakke in totaal, maar 'n student mag meer vakke loop.

5.2 Verpligte vakke

Vir studente wat die B.Th. wil loop na voltooiing van die BA, is Grieks 1 en 2, en ook Hebreeus 1 en 2 verpligtend, asook Duits Spesiaal indien die student nie Matriek-Duits het nie. Duits Spesiaal tel egter nie as een van die vereiste 10 vakke nie.

Vir studente wat na voltooiing van die BA ‘n Onderwysdiploma aan ‘n ander erkende tersiêre inrigting wil volg, is Opvoedkunde 1, 2 en 3 verpligtend.

Vir studente wat na voltooiing van die BA, elders verder in die Sielkunde wil studeer, is Sielkunde 1, 2 en 3 verpligtend.

5.3 Keusevakke

Studente mag 'n keuse uit die volgende vakke maak:

Afrikaans, Bybelkunde, Christelike Berading, Christelike Wysbegeerte, Duits, Engels, Frans, Geskiedenis, Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie, Volkekunde.

5.4 Ander moontlike vakke

Die volgende vakke kan moontlik ook geneem word:

Latyn A, Latyn I tot III, en Staatsleer.

Iemand wat Latyn I wil neem, moet óf Matriek-Latyn hê, óf eers Latyn A (wat nie een van die vereiste 10 vakke kan wees nie) slaag.

5.5 Hoofvakke

'n Hoofvak is 'n vak ten opsigte waarvan 'n student kursusse I, II en III voltooi.

'n Student kies twee hoofvakke uit die vakke onder punt 5.2 en 5.3 genoem. Die keuse van hoofvakke kan deur die loop van die studie verander word.

5.6 Voorbeeld

'n Tipiese kursussamestelling vir ‘n student wat predikant wil word, kan soos volg lyk:

Eerste jaar: Grieks I, Hebreeus I, Bybelkunde I, Geskiedenis I, Duits Spesiaal
Tweede jaar: Grieks II, Hebreeus II, Bybelkunde II, Geskiedenis II
Derde jaar: Bybelkunde III, Geskiedenis III (of Grieks III en Hebreeus III)

6. Bedrae betaalbaar

Die volgende gelde (wat jaarliks aangepas kan word) is betaalbaar:

Registrasiefooi	R 200 per jaar
BA: Klasgeld	R 7 000 per jaar
BA (met Christelike Sielkunde-vakke)	R10 000 – 12 000 per jaar
B.Th.	R 5 000 per jaar
Hereksamengeld	R 200 per vraestel
Afsonderlike vakke	R 1 500 elk.

Die koste per student beloop vir die Akademie meer as bogemelde bedrae, maar die Afrikaanse Protestantse Kerk subsidieer studente wat lidmate van plaaslike kerke is, met die balans. Sou 'n persoon wat nie 'n lidmaat van 'n AP Kerk is nie, as student inskryf, bepaal die Senaat die bedrag wat hy/sy as klasgeld moet betaal. Dié bedrag kan van jaar tot jaar wissel.

Indien 'n student voor 31 Julie skriftelik kennis gee dat hy sy studie staak, sal hy vrygestel word van betaling van die helfte van die Klasgeld (nie van die ander gelde betaalbaar nie) naamlik dié ten opsigte van die tweede semester. Indien hy ná 31 Julie sy studie staak, bly hy verantwoordelik vir die betaling van die Klasgeld vir die hele jaar.

Alle gelde wat betaalbaar is, word deur die student by die Sentrale Kerkkantoor inbetaal.

Waar 'n student 'n studielening van die Kuratorium ontvang, word sy toekennings direk en ten volle op sy studierekening inbetaal, en nie aan homself nie, tensy daar 'n krediet tot sy beskikking is. Indien die toekenning van die Kuratorium minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die student verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

Solank 'n student vakke loop wat vir die voltooiing van sy kwalifikasie nodig is, betaal hy die volle jaarlikse studiegeld ongeag die aantal vakke wat hy loop. Indien hy vakke vir nie-kwalifikasiedoeleindes loop, betaal hy jaarliks die bedrag wat deur die Senaat vasgestel word.

Die laaste datum vir Registrasie is 14 Februarie.

7. Korrespondensiekursus

Hierdie studie kan met goedkeuring van die Fakulteitsraad moontlik ook by wyse van volledige of gedeeltelike afstandsonderrig aangebied word.

8. Erkenning van vakke

Die Fakulteitsraad vir Lettere en Wysbegeerte beslis oor die erkenning van vakke wat aan ander tersiêre inrigtings geslaag is.

9. Fasiliteite

Alle studente wat hul voorgeskrewe studiegelde betaal het, het toegang tot en gebruik van die FAH van Staden Biblioteek.

Studente mag teen die heersende tariewe fotokopieë by die Akademie laat maak, of self maak (met toestemming van die personeellid in beheer van die kopiëerfasiliteite).

Studente het teen volle betaling, bo en behalwe hulle jaarlikse studiegeld, toegang tot die rekenaarstelsel van die Akademie. Verdere voorwaardes hieraan verbonde is in Bylae A vervat.

10. Klasbywoning en eksaminering

10.1 Geen student word tot 'n eksamen in 'n vak toegelaat nie tensy

10.1.1 sy studiegeld op datum betaal is; en
10.1.2 hy die lesings bevredigend bygewoon het.

10.2 'n Student wat 'n module van 'n vak herhaal, is nie verplig om weer die klasse by te woon nie – hy bly egter self verantwoordelik om homself op hoogte te stel van die volgende toets- en eksamendatums in elke betrokke vak. So 'n student mag weer toets(e) aflê ten einde 'n beter halfjaarpunt op te bou.

10. 3 In elke vak word die werk van 'n jaar in twee modules verdeel. 'n Student moet eers die eerste module slaag alvorens hy die tweede module mag volg. 'n Student doen nie weer eksamen oor 'n module wat hy klaar geslaag het nie.

10.4 Toetse en/of werksopdragte word gedoen soos elke dosent vir sy vak bepaal, ten einde 'n semesterpunt vir elke student te verkry.

10.5 Skriftelike en/of mondelinge eksamen word in elke vak rondom Junie en November afgeneem.

10.6 Die slaagsyfer in alle vakke is 50%.

10.7 Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer, moet die gemiddelde punt van die semester en semestereksamen minstens 45% wees met dien verstande dat ‘n minimum van 40% in die eksamen behaal is.

10.8 Hereksamen word rondom die tweede helfte van Julie en die tweede helfte van Januarie afgeneem.

10.9 In elke vak moet daar ook 'n eksterne eksaminator wees wat slegs globale kontrole hoef te doen.

11. Bevordering na 'n volgende studiejaar

'n Student moet in sy eerste jaar minstens drie vakke slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word. Geen student kan tot die derde studiejaar toegelaat word alvorens hy minstens ses kursusse suksesvol voltooi het nie.